

# Ontmoeting 2

Filippus en die Etiopiër

**Kinders leer hoe om God se Woord te deel**

**Teks:** Handeling 8:26–40

**Hulpmiddels:**

- 3 bolletjies rooi wol (of enige ander kleur)
- Die woorde “oor” en “mond” op afsonderlike papiere of prente daarvan (Jy kan selfs na jou oor en mond wys).
- 2 stokkies
- Uitdeelstuk met geskommelde woorde
- Uitgedrukte patroon van die wa en karakters
- Skêr, gom en “mirror tape” (“double sided tape” met spons)



**Welkom**

**Ons onthou:** Verlede keer het ons h speletjie gespeel waarin julle opgedeel was in twee groepe. Julle sal onthou dit was die heiden-groep en die Jode-groep. Daaruit het ons geleer dat ons almal ewe belangrik is vir die Here en dat almal die reg het om die Goeie Nuus te ontvang. Vandag se speletjies is vir almal bedoel!

**“Tou Evangelie”:** Gebruik 3 bolletjies rooi wol. Drie kinders staan met hul rûe na mekaar, terwyl die ander in h groot sirkel om hulle staan. Die drie in die middel hou die punte van die wol vas en gooi dan elkeen sy bolletjie wol vir h kind wat in die sirkel staan. Die persoon wat dit vang, haak die wol om hulle vinger en gooi die bolletjie wol weer vir h ander persoon. (Jy mag nie vir iemand direk langs jou of die persoon wat vir jou gegooi het, die bol wol gooi nie.) Nadat almal die wol hanteer het en 'n stukkie om hulle vinger gehaak het, kan hulle dit weer teruggooi vir die 3 in die middel. Probeer gerus die volgende: laat iemand h foto van julle “tou evangelie” neem. Iemand kan ook op die grond lê en h foto van onder af neem.

**Telefoontjie:** Laat die kinders almal in die sirkel staan. Sê saggies vir die hele groep dat hulle mooi moet luister. Fluister in h kind se oor: “Vandag se verhaal is baie spesiaal.” Die boodskap word aangestuur deurdat elke kind dit fluister in die oor van die een wat langs hom sit. Wanneer die boodskap die laaste kind bereik het, vind julle uit hoe korrek die boodskap oorgedra is.



**Wyding**

**Stilword-ritueel:**

*Gebed: Die leier bid elke keer h sinnetjie en die groep herhaal dit saam.*

Dankie, Heer, vir hierdie dag

Dankie dat die Bybel vir my sê dat U my liefhet

Dankie dat U mens geword het en vir ons die pad kom loop het

Help ons om U ook te volg ...

... soos ons nou in die gebed ons leier gevolg het.

Amen



## Woord

Ons eerste speletjie het begin met drie ouens in die middel. As die drie kinders in die middel nie gehoorsaam was aan hulle opdrag om die wol vir iemand anders te gooi nie, of jy wat die wol gevang het, het dit nie verder gegooi het, sou ons nie daardie mooi “Tou evangelie” kon maak nie. Party kinders in die groep sou uitgesluit wees.

Ons gaan vandag vir julle vertel van Filippus en die Ethiopiër. Hulle was twee manne wat aan die Here gehoorsaam was en die evangelie boodskap aan ander mense gaan vertel het. Nadat Jesus opgevaar het hemel toe, was daar net h handjievul mense wat dit geweet het. Omdat hulle gehoorsaam was, kon mense oral in die wêreld van die Here hoor.

Ek het julle hulp nodig met die storie, so julle moet mooi luister. Wanneer ek die prentjie van die OOR wys, moet julle net luister, MAAR wanneer die MOND prentjie opkom, moet julle die sin wat ek gesê het, herhaal. Kom ons oefen dit eers. OOR: Eendag was daar h man met die naam Filippus. MOND: Hy was h kind van die Here. (Kinders herhaal die sin).

Die eerste kerk het vinnig gegroei en die dissipels, wat toe apostels genoem is, kon nie meer byhou om alles te doen wat Jesus van hulle gevra het nie. Filippus is een van 7 manne wat aangestel is om die apostels te help met hulle goeie werk, veral om kos te versprei onder mense en om na die weduwees te kyk. Filippus het na Samaria gegaan en daar vir almal die Goeie Nuus gaan verkondig. Een dag, terwyl Filippus terug was in Jerusalem, het hy h opdrag gekry.

### Filippus en die Etiopiër

Oor: h Engel van die Here het vir Filippus gesê:

Mond: “Gaan dadelik na die pad tussen Jerusalem en Gasa.”

Oor: Dit was maar h stil paadjie en daar was omtrent nooit iemand nie.

Mond: Filippus het dadelik soontoe gegaan.

Oor: Toe Filippus daar kom, sien hy h man uit Afrika wat op h wa ry.

Mond: Hierdie man het h belangrike werk gehad.

Oor: Hy moes altyd kyk na die koningin van Etiopië se geld en hy moes ook al haar rekeninge betaal.

Mond: Hy was in Jerusalem om tot God te bid.

Oor: Nou was hy op pad terug na sy land toe. Terwyl die man so op sy wa teruggery het, het hy uit die Bybel gelees. Toe sê die Heilige Gees vir Filippus:

Mond: “Gaan loop h bietjie langs daardie wa.”

Oor: Filippus het soontoe gegaan. Hy hoor hoe die man uit sy Bybel lees. Filippus vra hom toe:

Mond: “Verstaan jy wat jy daar lees?”

Oor: Die man antwoord hom toe: “Ek sal dit mos nie verstaan as iemand dit nie vir my verduidelik nie.” Hy het vir Filippus genooi om langs hom op die wa te kom sit. Sy Bybel was oop by die boek Jesaja en Filippus begin toe sommer daar en verduidelik vir die man van Jesus.

Mond: Hy het hom vertel wat Jesus alles gedoen het.

Oor: Terwyl hulle nog so op die wa ry en gesels, kom hulle by h riviertjie. Die man sê toe vir Filippus:

Mond: “Kyk hier is water. Ek glo in Jesus en wil ook sy vriend wees. Doop my sommer hier.”

Oor: Hulle stop toe met die wa daar by die rivier. Hulle het afgeklim en in die rivier geloop. Filippus het die man gedoop.

Mond: Die man was baie bly dat hy nou h kind van Jesus kon word.

Oor: Hy het toe verder met sy wa na sy land, Etiopië, toe gery. Daar het hy vir almal van Jesus vertel en baie het geglo.

Kinders kry tyd om oor die verhaal te dink:

1. Ek wonder watter deel van die verhaal staan vir jou uit.
2. Ek wonder wat dink jy is die belangrikste deel van die verhaal.
3. Ek wonder wie sou jy graag in die storie wou wees.
4. Ek wonder met wie kan jy hierdie week die Goeie Nuus deel.



## Werskaf

- Speel weer die “Tou evangelie”, maar hierdie keer, voordat jy die wol vir die ander persoon gooi, sê jy: “(persoon se naam), ek gee vir jou die Goeie Nuus.”

Gee aan kinders die geleentheid om een van die volgende moontlikhede te kies en kreatief tyd daaraan te spandeer.

- Boekrol met geskommelde woorde: Laat die kinders die geskommelde woorde ontsyfer. Plak die papier dan aan twee stokkies vas.
- Maak die 3-dimensionele prent van Filippus en die Etiopiër.

### Sluit af met die seënbede:

*(Almal hou hande vas in 'n kring; die kinders herhaal agter die aanbieder aan.)*

Dankie, Heer, vir die Bybel voor ons. Dankie, Heer, vir die maatjies langs ons. Dankie, Heer, vir die liefde tussen ons. Amen

## Filippus en die Etiopiër

BYLBE

10	7		9	

HEILEGI GESE

			5	13	8						

SY KINSRED

			14			3					

GOIEE SUNU

			1								

PFUPSIIL

			4				12				

GEHAMAROOS

			2			11					6			

			1	2	3		W							
							4	5			6	7		

			8	9	10	11	12	13	14					

1	2	3

W		
4	5	

6	7

8	9	10	11	12	13	14								

# Filippus en die Etiopiër 3D prent (bron: [JWL resources](http://JWLresources.com))

Knip al die stukkie uit, plak dubbelkleeflint agter op die karakters.

Plak die karakters op die agtergrond.

Die boekrol word gevorm deur op die stippellyne te vou. Dit sal die geskrewe gedeelte oplig. Rol die lang ente op deur dit rondom 'n kwas of potlood te rol.

Plak handjies direk op die boekrol. Plak die boekrol bo-op die karakters soos in die voorbeeld.

